**NUUSBRIEF:** ASM 11-13 NOVEMBER 2025

**GESREKSPUNT:** Teologiese fundering vir 'n geïntegreerde benadering tot evangelisasie en missionale diakonaat

**OPDRAG:** Die taakspan Missionale Roeping word versoek om aandag te gee aan die integrasie van evangelisasie met ander missionale werksaamhede, veral diakonaat en die aanspreek van sosiale geregtigheid.

Hierdie is 'n vorderingsverslag wat gedien het tydens Sessie 7. Dit het gedien as vertrekpunt tot 'n onderskeidingsproses oor die NG Kerk se betrokkenheid by menslike lyding en nood. Die teologiese uitgangspunte is tydens die vergadering vir kommentaar teen Maart 2026 na sinodes verwys.

## 'N GEÏNTEGREERDE BENADERING VIR EVANGELISASIE EN MISSIONALE DIAKONAAT

Opgestel deur: Dr Frikkie Coetzee
In samewerking met: Prof Hannes Knoetze en dr Nioma Venter.

### 1. Konteks in die RSA

Ons leef in 'n konteks van armoede, groot gaping tussen ryk en arm, werkloosheid, onreg, geweld, misdaad, korrupsie, kerkvervreemding, ekologiese krisis, fragmentering, polarisering, verdeeldheid, onversoendheid, post-post apartheid, post-Christendom, ens. In hierdie konteks is ons geroep om kerk te wees en 'n verskil te maak.

Een van die grootste hindernisse vir die uitleef van ons roeping is die gebrek aan betekenisvolle kontak tussen die Kerk en haar konteks. Die evangelie kan slegs "goeie nuus" vir mense wees wanneer dit die leefwêreld en konteks van mense binnedring. Geloofwaardige getuienis is onvermydelik kontekstueel en geïnkarneerd (inkarnasie: beliggaming en woon onder mense). Die plaaslike gemeente verkry juis missionale geloofwaardigheid deur in die konteks relevant te wees. (vgl. Paas & Knoetze; Nel; Bosch; De Beer)

### 2. Die werklikheid van reduksies

Die kerk worstel met verskeie reduksies en dit kom algemeen voor in debatte, gesprekke, mediaberigte en praktiese bedieninge. 'n Reduksie van die evangelie beteken nie dat die evangelie nie gehoor word nie, maar dat dit wat oorbly te min is. Die radikale, groter, kosmiese, en transformerende krag van God se liefde word gereduseer tot 'n gedeelte van die evangelie (baie keer: die individu en die privaat lewe (vgl. Guder 2000)).

**Die volgende is voorbeelde van reduksies:**

- Woord (kerugmatiese reduksie) vs daad (Diakonale reduksie); Evangelisasie vs Pastoraat;
- Evangelisasie vs Geregtigheid; Verlossing vd siel (mens) vs Verlossing/versorging vd Skepping;
- Jesus as Verlosser vs Jesus as Here; Persoonlik vs Gemeenskaplik vs Kosmies (vgl Goheen);
- Evangelie v Verlossing vs Evangelie vd Koninkryk; Eenheid vs diversiteit; Onafhanklik vs Interafhanklik (eenheid); Indikatief (gegewe) vs Imperatief (opdrag) (vgl evangelie vs wet).

'n Enorme versoeking in ons evangelisasie/getuienis is om die boodskap te reduseer tot 'n "een-grootte-pas-almal"-formulering (resepmatig) wat nie betekenisvol (relevant) grondvat in mense se lewensituasies nie (Flemming 2013) en wat nie ruimte laat vir polariteite en misterie nie. Almal loop die gevaar van reduksies. Ons moet voortdurend daarvoor op die uitkyk wees en mekaar daarmee help.

## 3. Uitgangspunte van beide Evangelisasie & Diakonaat

3.1 Evangelisasie en diakonaat is beide essensieel deel van die hart van die kerk se geïntegreerde getuienis (*marturia*) en deelname aan die sending (liefdesbeweging) van die Drie-enige God (*missio trinitatis Dei*).

3.2 Die motivering vir evangelisasie en diakonaat is dieselfde: deelname aan God se sending en God se deernisvolle liefde vir die hele skepping. Die doel van ons getuienis is verheerliking van God (doksologies).

3.3 Die manier waarop God se deernisvolle liefde saam en persoonlik beliggaam word, word in geloof in die spesifieke konteks van die nood van mense en die skepping onderskei onder die leiding van die Gees.

3.4 Die uitnodiging om deel te neem aan ‘n koninkrykslewe en om Jesus die Here te volg, word aangebied met die styl van Jesus die Dienskneg (*Diakonos*) binne 'n veilige en respekvolle ruimte waar die uitnodiging op 'n egte manier aanvaar word, of nog nie aanvaar word nie, of selfs verwerp kan word.

## *4.* ‘n Geïntegreerde benadering

'n Geïntegreerde/holistiese benadering tot ons getuienis sluit die volgende in: woorde en dade, verkondiging en teenwoordigheid, verduideliking en voorbeeld, openbaar en privaat, polities en persoonlik, persoonlik en sosiaal, asook geregtigheid en sorg vir die skepping (vgl. Verkuyl; Reppenhagen; Alexander; Heath; Coetzee, Nel & Knoetzee).

Die hartseer erfenis van die skeiding van 'woord' en 'daad' kan deur 'n geïntegreerde/holistiese benadering tot evangelisasie/getuienis oorkom word. Bosch (1991) druk hierdie onafskeidbare verhouding tussen woorde en dade soos volg uit: 'Die

daad sonder die woord is stom; die woord sonder die daad is leeg'. Woorde interpreteer dade en dade bevestig die waarde van woorde (Newbigin 1982). “Dit is duidelik dat dit absurd is om woord en daad, prediking en aksie, teenoor mekaar te stel” (Newbigin 1989). (vgl. die getuienis van Stephan van die Watt in Japan oor evangelisasie en diakonaat)

Evangelisasie word holisties en geïntegreerd verstaan in die beliggaming van die goeie nuus van die evangelie van die koninkryk van God in getroue teenwoordigheid (*being*), deernisvolle dade van diens (*doing*) en vreugdevolle woorde op gepaste tye (*telling*). Die "hoe" daarvan word saam en individueel in die spesifieke plaaslike konteks onderskei en is deel van 'n geloofsonderskeidende proses onder leiding van die Heilige Gees en gebed. Die valse skeiding van evangelisasie, sosiale geregtigheid en ekologie word dan deurbreek. Al drie is deel ons evangeliese getuienis. (vgl. Raamwerk vir Evangelisasie: Punt 10.1.6)

## 5. Praktiese riglyne vir ʻn geïntegreerde benadering: (Hoe kan dit prakties werk?)

### 5.1 Getroue teenwoordigheid (wees/*being*):

Getroue teenwoordigheid neem deel aan en verteenwoordig God se deernisvolle teenwoordigheid en liefde. Hierdie getroue teenwoordigheid is kontekstueel en geïnkarneerd (wees tussen mense en die skepping) as 'n beliggaming (teken) van die koninkryk.

Hierdie teenwoordigheid is spontaan, maar intensioneel. Met God se liefde word dit wat in die konteks gebeur, waargeneem en na geluister. Die behoefte(s) van die konteks (mense, gemeenskap, skepping, veral gemarginaliseerde mense) word met onvoorwaardelike liefde waargeneem. In hierdie proses word in geloof en biddend onderskei waarmee die Drie-enige God besig is.

### 5.2 Dade van deernisvolle liefde (dade/*doing*)

Deur getroue teenwoordigheid en ervaring van die teenwoordigheid en werk van die lewende God, is dit moontlik om in die geloof te onderskei op watter manier by God se liefdesbeweging aangesluit en hoe sy liefde verder beliggaam en uitgeleef kan word deur dade wat God se deernisvolle liefde beliggaam.

Wat in die konteks gedoen word, is die uitkoms van voortdurende waarneming en luister na die behoeftes wat in die konteks ontstaan, die bou van vertrouensverhoudings met mense en wedersydse dialoog. Dade van deernisvolle liefde kan die volgende wees: die verligting van mense se nood, die bemagtiging van mense, versoening en genesing van verhoudings, die versorging van die skepping, dade van geregtigheid en profetiese aksies.

### 5.3 Gepaste woorde (vertel/*telling*)

Vanuit die beliggaming van God se deernisvolle liefde in getroue teenwoordigheid en dade van diensbare liefde, kan gepaste geleenthede ontstaan waarin wedersydse

gesprekke oor geloof gevoer word. Mense se verhale word met opregte deernis en met 'n gesonde nuuskierigheid oor hoe God teenwoordig is en wat God in mense se lewens doen, na geluister.

Geleenthede kan ontstaan waar ervarings van God se liefde en werk in ons lewens vrylik, respekvol en sonder oordeel gedeel word. Hierdie gesprekke is wedersyds voordelig en leersaam vir mekaar. In hierdie proses kan mense spontaan genooi word tot 'n lewe in die werklikheid van die koninkryk om Jesus die Here saam met ander te volg en die avontuur saam te beleef om Hom beter te leer ken.

**Slotopmerkings**

Bogenoemde benadering is nie 'n lineêre proses of vind resepmatig plaas nie, maar eerder interaktief en sirkulêr. Daar word kontekstueel in die geloof biddend onderskei onder leiding van die Gees hoe dit sal plaasvind. Die verskillende vorme van beliggaming kan onderskei word, maar nie geskei word nie, aangesien dit holisties en geïntegreerd voorkom. Hierdie geïntegreerde/holistiese benadering beweeg verby polarisering, digotomieë, fragmentasie, silo-funksionering en die kompetisie/prioritisering van argumente.

Op hierdie manier kan die getuienis van beide evangelisasie en diakonaat praktyke vermy wat reduksies en digotomieë handhaaf, en hopelik werk na geïntegreerde praktyke wat 'n geloofwaardige beliggaming van die Goeie Nuus in die spesifieke konteks is.

**BESLUIT**

1) Die ASM neem kennis van die verslag aangaande ‘n geïntegreerde verstaan van evangelisasie en barmhartigheid (diakonaat) in opdrag van die Algemene Sinode 2023.
2) Die ASM verwys dit na samestellende sinodes vir kommentaar.
3) Die ASM versoek sinodes om terugvoer te gee teen Maart 2026 aan die Taakspan Evangelisasie en ’n werkgroep vir diakonaat.

Navrae kan gerig word aan die voorsitter van die taakspan: Frikkie Coetzee - fcoetzee@luxmundi.org.za of nadiaa@ngkerk.org.za